

14 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 51

Fokusgedeelte: Psalm 51:17

Gebed om woorde

Daar is 'n bekende spreekwoord in Afrikaans wat sê: Swye is goud, spreke is silwer. Juis omdat ons sondige mense is, moet ons baie versigtig wees wat ons sê.

Ons sondig veral met ons woorde. Daarom bid Dawid ook in Psalm 141:3: "Sit 'n wag voor my mond, Here, hou tog wag oor wat ek sê." Psalm 51 is 'n skuldbelydenis van Dawid wat as berouvolle sondaar genade in die oë van die Here gevind het. En nou bid hy vir woorde – vir die regte woorde: "Here, gee my die woorde om u lof te verkondig." Want dit kan hy nie uit sy eie doen nie. Daarvoor is die genade van die Here net te groot en te heerlik. En hy as sondige mens net te swak en te sondig om die Here na regte te loof en te prys.

In homself kan hy nie die regte woorde vind nie. Daarom bid hy dat die Here die woorde sal voorsien, onder die kragvolle leiding van die Heilige Gees. Daarmee bely hy sy totale afhanklikheid van die Here. Ook in sy dankbaarheidslewe as hy die Here loof en prys.

Dit moet ook ons gebed wees as verlose sondaars in Jesus Christus. Want in onself kan ons nooit die regte woorde vind om God te loof en te prys vir ons volkome verlossing in en deur Jesus Christus onse Here nie. Ons wat soos brandhout uit die vuur gered is (1 Kor 3:15). Ons het net nie die regte woorde om God na regte te loof en te prys vir ons verlossing in Jesus Christus nie.

Daarom neem ons ook hierin ons toevlug tot die Here, en bid ons ook voortdurend: Here, gee ook aan my die woorde om u lof te verkondig. Want: "Wat kan ek die Heer vir al sy guns vergeld? Wat kan ek Hom bring uit dank vir sy genade? Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade en by die kelk van heil sy Naam vermeld" (Ps 116:7).

Sing: Psalm 9:10 (Totius/1936-beryming)

Ds MP Harris (Witbank-Suidoos)